Vooraf sang
Ps 91 - 1: 1,2
Ps 85 - 1: 1,3,4 (Mel Ps 2, tweede mel)

Ontmoetingsdiens
Intreelied: Ps 131 - 1: 2,3
Votum
Seën
Lofsang Sb 4 - 6: 1

Woorddiens
Gebed
Skriflesing Romeine 14: 17 - 23
Teks: Romeine 14: 17
Lees ook Jakobus 4: 1 - 10
Sing Sb 11 - 3: 7,8 (mel Sb 16 - 1)
Woordbediening.

Antwoorddiens
Gebed
Liefdegawes
Gebed vir BnB – vrede
Sing Lied 588:1,3
Seën
Amenlied Sb 13 -2.

Geliefde br en sr

Waaraan dink jy as jy uit die Skrif hoor dat die koninkryk van God in hoofsaak gaan om vrede? Watter prentjie vorm die woord "vrede" in jou gedagtes? Ek het onmiddellik gedink aan die geweld in ons samelewing wat 'n teken is van die onvrede wat hier heers en dat ons as gelowiges vredemakers in hierdie wêreld moet wees. Dat ons die opdrag van ons Here Jesus" salig is die vredemakers" prakties moet begin bedien.

Ek wou onmiddellik vanuit die vrede van die koninkryk van God al die onvrede in die wêreld aanspreek. Die **volgende beelde verwoord wat ek aan gedink het en wat ek met die vrede van die koninkryk wil bedien.** (Wys slides) Beelde van geweld waarmee ons daagliks gekonfronteer word, gesigte van mense waarop die pyn van onvrede geskrywe staan en dalk self ook 'n mens wat in onvrede met God worstel oor sy of haar lewe.

En, geliefdes, dit is verseker hierdie wêreld en hierdie mense aan wie ons die vrede van die koninkryk van God moet bedien.

Maar die vraag is: wat is hierdie "vrede" waarvan Paulus hier praat? En kan ek sommer vanuit hierdie teks die wêreld gaan aanpak om vrede te gaan verkondig? Moet ons nie eers probeer peil wat is die ware rede vir die gebrek aan vrede in die wêreld nie? Wat is die wortel van al die haat, geweld, oorlog, onmin en rusie?

Daarom sê die Here vanaand ek en jy moet self eers hierdie vrede leef! Die vrede van die koninkryk van God moet ons gedagtes, ons harte, ons lewens vul en dan sal ons hierdie vrede aan die wêreld kan gaan bedien. En een van die belangrikste opdragte in die koninkryk van God is dat ons hierdie vrede sal leef!

Wat is dan hierdie 'vrede" as tweede belangrike fokuspunt in die koninkryk van God?

Br en sr, ware vrede is 'n gawe van God.
Dit is net God wat ware vrede in jou hart en in die wêreld kan laat heers. Immers, die koninkryk van God gaan oor die **heerskappy** van God oor jou lewe. **Ware vrede word geniet wanneer jy jou volkome aan God se heerskappy oor jou lewe oorgee. Herhaal: Ware vrede word geniet wanneer jy jou volkome aan God se heerskappy oor jou lewe oorgee.**

Hierdie vrede begin wanneer jy vrede met God het. En jy kan alleen vrede met God ervaar deur die versoeningswerk van Christus. Vanweë ons sonde was ons vyande van God, maar Christus het met sy versoeningswerk die straf op ons sonde betaal en so vrede tussen ons en God bewerk. Daarom word Christus ook die Vredevors genoem. Hy bring vrede in die ryk van sy Vader. En **die prys van hierdie vrede** was baie duur daarom plaas God ook 'n hoë premie op vrede in sy koninkryk! Dis hoekom Paulus dit hier beskrywe as een van die 3 belangrikste dinge in die koninkryk van God.

Geliefdes, d**ie diepste vrede wat elke mens kan ervaar is om te weet: my saak met God is reg!** Christus het vir my sonde betaal! God is nie meer kwaad vir my nie, God wil my nie meer straf nie, nee, daar is ook vir my versoening bewerk en daarom is daar vrede. Ek kan God maar vandag ontmoet en dit sal 'n wonderlike vredesontmoeting wees! Geen vrees of selfverwyt nie.

Hierdie boodskap van vrede met God deur Jesus Christus moet ons dan na die wêreld toe neem. Ons moet mense tot die besef bring dat hulle **diepste behoefte aan vrede nie bevredig gaan word deur alles wat hulle wil hê te ontvang nie. Vrede begin ook nie om allerhande punte van konflik te probeer oplos en almal tevrede te stel nie.** Nee! Mense moet geleer word dat **die diepste bron van onvrede is die selfsugtige begeertes van ons sondige bestaan.**

Jakobus spel dit duidelik uit in Jak 4. In antwoord op die vraag: 'Waar kom die stryd vandaan, waar kom die rusies onder julle vandaan?' Is die antwoord: "**Kom dit nie van julle selfsugtige begeertes wat gedurig binne-in julle woed nie?** Julle wil dinge hê, maar kry dit nie en wil dan moord pleeg; julle is jaloers op 'n ander man se goed en kan dit nie in die hande kry nie en dan maak julle rusie en baklei julle. "

Selfsugtige begeertes is die oorsaak van onvrede, haat, geweld, oorlog en doodslag. Dit is die rede hoekom die wêreld lyk soos hy lyk en hoekom mense aan mekaar doen wat hulle aan mekaar doen! Selfsug en eie belange is die wortel van die kwaad.

En hoe raak ek ontslae van hierdie sondige begeertes en selfsug? Deur my oorgawe aan die heerskappy van God waarin Hy belowe dat Hy vir my sal sorg in alles wat ek nodig het!
Ek moet God leer vertrou vir alles wat ek nodig het. Dit bring vir my vrede. Die wete dat my lewe in God se hand is en dat Hy vir alles sal sorg!

Dit is mos immers wat die Here ons ook leer in Filippense 4: **"Fil 4:1-9 "**Daarom, my broers, moet julle vas staan en getrou bly aan die Here. .....Die Here is naby. Moet oor niks besorg wees nie, maar maak in alles julle begeertes deur gebed en smeking en met danksegging aan God bekend. En **die vrede van God wat alle verstand te bowe gaan**, sal oor julle harte en gedagtes die wag hou in Christus Jesus." ..... En wat julle van my geleer en ontvang het, en gehoor en gesien het, dit moet julle doen. **En God wat vrede gee,** sal by julle wees."

Wat moet ons dus vir mekaar en vir die wêreld leer: Dat jy ware vrede ervaar wanneer in versoening met God leef en jou oorgee aan sy heerskappy. Dit is waarom Efesiërs 6: 15 praat van die "die bereidheid om die **evangelie van vrede** te verkondig as skoene aan julle voete".
Dit is die evangelie van vrede: leef in vrede met God en wees tevrede met hoe Hy vir jou sorg!

Br en sr, beleef ek en jy hierdie vrede van God? Die woord "vrede" word in die Ou Testamente vertaal as die Hebreeuse woord "Sjaloom". Shaloom beteken 'n allesomvattende, gunstige lewensomstandigheid. Dit is 'n nie iets wat jy doen nie – maar iets wat jy beleef! Die vrede van God wat jou hele lewe deursuur en jou innerlike krag en vrede gee.

Beleef jy ook soms 'n gevoel van ongedurigheid, van onrustigheid, van kommer en onsekerheid? Dit is wat ons vyand die duiwel wil hê ons moet beleef. Want hy opereer met vrees. Hy wil ons bang maak met allerlei leuens waarin hy ons wil oortuig dat ons God nie kan vertrou nie, dat God nie vir ons kan sorg nie en dat ons eintlik moet maak soos ons self wil. En die oomblik as jy dit doen: dan verval jy in 'n lewe van vrees.

Ons eie sondige begeertes beroof ons ook ons vrede! Ons wat so maklik ontevrede kan wees met wat God my gee of nie gee nie.
Daarom moet ons ons voordurend en bewustelik in geloof oorgee aan God se heerskappy van vrede.

Die vrede van die koninkryk van God is dus om in hierdie vredesverhouding met God te leef waarin jy in Christus vrede met God het en waarin jy tevrede is met sy sorg. Dat jy as gelowige saam met die Psalmdigter van ps 131 kan sê; Here, ek is tevrede by U soos 'n kindjie tevrede is by sy ma".

Vanuit hierdie vrede met God wat jy in jou innerlike lewe ervaar kry jy dit oor reg om in vrede met jou naaste te lewe. Want niks wat jou naaste is en het of waarmee hy jou bedreig of wat hy aan jou doen, kan dan hierdie vrede in jou beroof nie. **Jy is oorgegee aan God en Hy sorg.** En daarom dat onderlinge verskille oor uiterlike dinge soos eet en drink nie die fokus van jou bestaan word nie, maar dat jy eerder poog om almal die vrede van God te laat beleef. **Dan kan jy doen wat die Here ons in Hebreërs 12: 14 beveel:** "beywer julle vir vrede met alle mense".

Vanuit hierdie innerlike vredeswêreld wat God jou gee kan jy nou ook uiterlik en in die praktyk 'n vredemaker wees. Nou kan jy mense ware vrede bied – nie as een of ander bemiddelaar wat sorg dat almal se belange gedien word nie, maar om mense te bring by die ware oorsaak van hulle onvrede: hulle eie sondige begeerte en hulle dan voor God te stel.

Brs en srs, ons leef in 'n stukkende wêreld waar onvrede, geweld, oorlog en rusies mense se lewens verwoes. Dit gebeur in ons huisgesinne, dit gebeur tussen werksmense, dit gebeur tussen mense van verskillende rasse, verskillende gelowe en tussen volkere van die wêreld.

God gee ons sy vrede in Christus en daarmee moet ons in hierdie wêreld gaan leef. Leef jou vrede met God uit deur jou getuienis daarvan. Wees 'n vredemaker in jou huwelik. Wees 'n vredemaker in jou gesin. By die werk en getuig daarvan in die wêreld - oral waar

daar onmin en rusie en verskille is. Moenie probeer om op menslike vlak vrede te soek nie – want dit bestaan nie – begin by God – Alleen Hy gee vir ons ware vrede.

En Hy het ons belowe: alhoewel ons in hierdie wêreld die stryd tussen vrede en onvrede intens sal beleef, sal daar met die ewige lewe ‘n volkome vrede wees. Volkome harmonie tussen God en mens, mens en mens en mens en natuur.

Ek sluit af met hierdie beeld: vrede kan ook vertaal word met die begrip “harmonie”. Harmonie beteken dat alle die verskillende dele van ‘n geheel saamwerk. Bv die verskillende instrumente van ‘n orkes wat verskillend klink maar wanneer dit saam gespeel word in harmonie met mekaar, produseer dit die mooiste klanke!
Die vrede van die koninkryk van God werk ook so. Wanneer jy vrede met God het, tevrede is met hoe Hy sorg en in vrede met jou naaste lewe – dan is alles in harmonie! Dan leef jy die vrede van God. Dan ervaar jy volkome harmonie in jouself en in jou bestaan.

Dit is wat God in gegee het – kom ons gaan deel dit ook uit!

Amen